



Hoe om u VBO-punte op die webwerf [www.cpd solutions.co.za](http://www.cpd solutions.co.za) na te gaan:

1. Gaan na die webwerf [www.cpd solutions.co.za](http://www.cpd solutions.co.za)
2. Tik u selfoonnommer in by die gegewe spasie.
3. U pinkode behoort outomaties op te kom by die *password or pin* spasie. Indien nie...
4. Klik op *Retrieve your pin*. 'n Pinkode sal na u selfoonnommer, wat u ingetik het, gestuur word.
5. Tik nou hierdie pinkode in.
6. U inligting behoort nou op die skerm te vertoon.
7. Indien u persoonlike inligting wil verander, gaan na *my personal details* op die HOME skerm.
8. Indien u u selfoonnommer wil verander, gaan na *CPS Solutions via SMS* op die HOME skerm.

**Indien u VBO-punte wil registreer:**

Tik die kode in die spasie verskaf waar daar staan *Submit code*. Net onder *Submit an activity attendance code*. Click dan op *Submit code*.

**As u punte nie op die skerm verskyn nie, kan dit wees dat u gemeente nie aan u naam gekoppel is nie. Doen dan die volgende:**

Om u aan u **gemeente** te koppel, stuur 'n SMS met die woord gemeente, gevolg deur 'n spasie en u gemeente se naam. Belangrik is dat die spelling soos in die Jaarboek gebruik word, byvoorbeeld: Gemeente Bloemfontein-Noord (sien ook lys by: [www.cpd solutions.co.za/gemeente](http://www.cpd solutions.co.za/gemeente)). Indien in nuwe gemeente, herhaal bogenoemde met nuwe gemeente se naam.

Of

Gaan na [www.cpd solutions.co.za/gemeente](http://www.cpd solutions.co.za/gemeente)

Kies 'n sinode (druk *Soek*)

Kies 'n ring (druk *Soek*)

Die bladsy met *Koppel 'n gemeente aan u profiel* sal verskyn.

Tik u selfoonnommer in.

Kies u gemeente.

Druk *Koppel hierdie gemeente*.

**Om u bywoning van 'n aktiwiteit te registreer:**

Stuur die bywoningskode na 31029 deur 'n SMS te skryf wat slegs die kode lys, byvoorbeeld: *B12345*.

U kan die kode ook op die webtuiste van CPD Solutions invul waar daar staan *submit code*.